**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA**
**(WES-KAAP HOOGGEREGSHOF, KAAPSTAD)**

Saak No: A35/2015

In die saak tussen:

**NAZEEM MURRAY** **Appellant**

En

**DIE STAAT** **Respondent**

---

**UITSPRAAK GELEWER OP 08 JUNIE 2015**

---

**RILEY, WnR**

[1] Die appellant was in die streekhof te Parow aangekla van Roof met verswarende omstandighede gelees met die bepalings van Artikel 51(2) van die Strafwysigingswet 105 van 1997.

[2] Die appellant wie te alle tye in die hof a *quo* regsverteenwoordiging geniet het, het onskuldig gepleit op die aanklag en verkies om sy swygreg uit te oefen.

[3] Die verhoorhof het die appellant op 29 Julie 2014 skuldig bevind en op 5 Augustus 2014 is appellant gevonnis tot vyf (5) jaar direkte gevangenisstraf nadat die verhoorhof bevind het dat wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat ‘n afwyking van die minimum vonnis regverdig.

[4] Op dieselfde dag wat vonnis opgelê is, het die verhoorhof aan appellant verlof verleen om teen sy skuldigbevinding te appelleer. Die appellant kom nou in hoër beroep teen sy skuldigbevinding.

[5] Alhoewel appellant tydens die pleitverrigtinge verkies het om sy swygreg uit te oefen, het dit gedurende die verhoor duidelik geword dat die appellant die identiteit van die person wat die klaagster beroof het in geskil plaas.

[6] Die staat het twee getuienis geroep, naamlik die klaagster, Avril Martin en Christie Groenewald (‘Groenewald’) ‘n Wetstoepassings beampte in diens van die Stad Kaapstad.

[7] Die klaagster het getuig dat sy op die aand van die voorval nagskof gewerk het en dat sy net voor middernag huis toe moes stap nadat die huurmotor waarin sy was, onklaar geraak het op Valhalla Rylaan, Valhalla Park.

[8] Sy was besig om te stap na die huis van ‘n familielid toe ‘n manspersoon by haar aansluit en haar vra waarheen sy alleen oppad was.

[9] Terwyl hulle stap het die manspersoon haar op ‘n kru wyse gevra of sy nie met hom wou seks he nie. Sy het sy voorstel sonder meer verwerp. In die omgewing van Angela Straat het die manspersoon afgebuk en ‘n mes te voorskyn gehaal, na haar gekom, gedreig dat hy haar sou steek en toe haar handsak wat oor haar skouer gehang met geweld geruk, wat veroorsaak het dat die handsak gebreek het en dat van haar persoonlike items op die grond geval het. Sy het dapper gestoei om besit van haar handsak te behou en in die proses het die manspersoon haar baadjiesak van haar baadjie afgeruk. In die gestoei het die manspersoon daarin geslaag om haar Blackberry selfoon uit haar handsak te ruk.

[11] Nadat sy haar besittings wat uit haar handsak geval het, opgetel het, het sy die manspersoon agtervolg in die rigting waarin hy beweeg het. Sy het om hulp geskree dat sy nou net beroof is, en oppad, op Groenewald en sy kollegas afgekom, aan wie sy toe ‘n rapport gemaak het dat sy beroof was en toe terselfde tyd die

manspersoon wat haar beroof het aan hulle uitgewys.

[12] Sy het getuig dat soos sy hom volg, het die manspersoon vir ‘n kort tyd buite haar sig beweeg maar die manspersoon wie haar vroëer beroof het is kort daarna na haar gebring en het sy ook haar Blackberry selfoon uitgeken.

[13] Die klaagster was oortuig dat die appellant die persoon is wat haar beroof het. Sy het hom uitgeken aan sy gesig, in besonder dat hy nie voortande gehad het nie, dat hy ‘n ‘*navy’* sweetpak broek, ‘*baseball’* pet en ‘n bruin trui aangehad het. Haar beskrywing van die appellant is nie in kruisverhoor betwis nie.

[14] Gedurende kruisverhoor van die klaagster, is daar verder aan haar gestel dat appellant sou ontken dat hy die persoon is wat haar beroof het, dat hy oppad was na ‘n huiswinkel, dat ‘n onbekende persoon om ‘n draai gehardloop gekom het en teen hom gehardloop het wat veroorsaak het dat sy selfoon uit sy hand geval en gebreek het. Dat diè persoon wie na bewering die klaagster beroof het, toe klaagster se selfoon in appellant se hand gedruk het en dat die persoon toe oor ‘n heining van ‘n huis gespring het en gevlug het. Dit is verder aan die klaagster gestel dat die polisie om die draai gehardloop gekom het en toe die klaagster se selfoon in appellant se besit gevind het.

[15] Klaagster het die beskuldigde se weergawe soos aan haar gestel, ontken en aangedring dat die appellant die persoon was wat haar beroof het. Dit is nodig om te meld dat hierdie weergawe wat aan klaagster gestel is, later totaal gewysig is gedurende die kruisverhoor van Groenewald.

[16] Groenewald het getuig dat hy die aand met twee van sy kollegas patrollie dienste verrig het in die Valhalla Park area toe ‘n manspersoon verby hulle beweeg. Hulle het ‘n vrou hoor skree vanuit die rigting waarvandaan die manspersoon gekom het, dat sy pas beroof was. Toe die vrou skree, het die manspersoon wie net verby hulle gestap het, skielik begin hardloop. Hulle het onmiddelik in hulle voertuig geklim en die persoon agternagesit en op hom afgekom waar hy in Richards Singel uit die gang waardeur hy vroëer beweeg het gekom het. Terwyl die persoon hardloop, het hulle opgemerk hoe die persoon ‘n item in ‘n werf van ‘n woning gooi. Die persoon

(wie later blyk appellant te wees), het toe ophou hardloop en onder bome gaan staan waar hulle hom uitgehaal het en geneem het na die werf waar hy die item ingegooi het. In die werf het hulle die klaagster se Blackberry selfoon gevind. Volgens Groenewald was dit die enigste item wat hulle daar in die werf gekry het en was daar niemand anders as die appellant daar op die toneel nie. Hy het bevestig dat die klaagster die selfoon uitgeken het as haar eiendom.

[17] Volgens Groenewald was appellant '*bang' en in 'angs*' toe hulle hom onder die bome kry. Hy het geen verduideliking aan hulle verskaf toe hulle hom vra wat hy in die werf in gegooi het nie. Klaagster het ook die appellant aan hulle uitgewys as die persoon wat haar vroëer beroof het. Alhoewel appellant buite hulle sig was toe hy hardloop, het hulle hom binne vyf en veertig sekondes na hy die eerste keer verby hulle is, aangekeer. Die polisie het toe opgedaag, appellant is gearresteer en is toe na die polisiestasie geneem waar hy aangehou is. Volgens die Groenewald was appellant geklee in 'n vaal sweetpak broek en '*tekkies*'. Hy kon nie onthou of appellant 'n pet aangehad en of watter ander klere hy aangehad het nie.

[19] Gedurende kruisverhoor van Groenewald het appellant se regsverteenwoodiger aanvanklik aan hom gestel (soos in die geval van die klaagster) dat 'n persoon teen appellant vas gehardloop het wat veroorsaak het dat appellant se selfoon uit sy hand geval het. Dat die persoon toe nog 'n selfoon aan appellant gegee het en gevra het dat hy dit gou moes hou en toe in 'n perseël gespring het. Appellant het toe 'n stop dagga wat hy in sy besit gehad het binne in die perseël gegooi waar die klaagster se selfoon later gevind is. Dit is ook aan Groenewald gestel dat die klaagster se selfoon in appellant se besit gevind was en nie in die perseël soos deur Groenewald getuig is nie. Groenewald het volgehou dat hy gesien het hoe appellant iets in die werf gooi en dat hulle niks anders as die klaagster se selfoon in die werf gekry het en dat die klaagster teenwoordig was op die toneel nadat haar selfoon gevind was.

[20] Later gedurende kruisverhoor het appellant se regsverteenwoordiger in opdrag van appellant haar instruksies verander en is dit aan Groenewald gestel dat die persoon wat teen die appellant gehardloop het, nie 'n selfoon nie, maar eerder 'n stop dagga in appellant se hand gedruk het, en dat appellant die stop dagga in die

werf gegooi het nadat die persoon in die werf ingespring en gevlug het. Volgens die nuwe weergawe, sou die persoon wat die dagga aan appellant gegee het na bewering die selfoon in die werf verloor het terwyl hy gevlug het. Groenewald het laasgenoemde weergawe van die appellant ontken en volgehou dat appellant die enigste persoon was wat daar op die toneel was. Dit is nodig om hier te meld dat hierdie nuwe weergawe, nooit aan die klaagster gestel is nie en sy is ook nie terug geroep na die getuiebank om daarop kommentaar te lewer nie.

[21] Dit is in besonder in kruisverhoor aan Groenewald gestel dat sy getuienis teenstrydig met diè van die klaagster is en dat klaagster getuig het dat sy appellant op ‘n latere stadium agter in ‘n vangwa geidentifiseer het en nie na aan die werf, voor hy aan SAPS oorhandig is nie.

[22] Appellant het getuig dat hy die aand na 11 uur oppad was om ‘n sigaret by ‘n huiswinkel te koop en omdat dit gesluit was, hy na ‘n shebeen oppad was om daar een te gaan koop. Voor hy die draai vat na Richards Singel, het hy Groenewald hulle gesien. Volgens appellant het ‘n persoon net voor dit teen hom vasgehardloop, die persoon het toe aan hom ‘n ‘*bankie*’ dagga gegee. Appellant sien toe die ligte van Groenewald se voertuig. Hy besef toe dat die persoon hom ‘n lokval wou stel en hy gooi toe die dagga weer na die persoon waar die persoon oor die draad in ‘n werf spring.

[23] Volgens appellant was hy geklee in swart veiligheids stewels, ‘n blou sweetpak broek, ‘n donkerbruin leer baadjie en ‘n ‘*sky blue*’ pet. Hy het getuig dat sy selfoon gebreek het toe dit val nadat die persoon teen hom gehardlooop het en het hy dit net opgetel toe Groenewald hulle op hom afkom en het hy aan hulle gesê dat iemand nou teen hom gehardloop het. In die verband dien gemeld te word dat dit nooit aan die staatsgetuies gestel is hoe appellant geklee was nie, nog minder is daar aan die getuies gestel dat die persoon wat in appellant vas gehardloop het, alles blou aangehad het en of dat appellant se telefoon gebreek het toe dit geval het nie. Vogens appellant het die polisie toe op die toneel gekom en hy is toe in die vangwa geplaas en na Johanna Straat geneem waar klaagster hom uitgeken het.

[24] Advokaat Levendall, wie namens appellant in hierdie hof verskyn het,

aangevoer dat omdat die insident in die nag plaasgevind het, die klaagster nie in staat was om haar aanvaller behoorlik te identifiseer nie. Sy het verder aangevoer dat die moonlikheid nie uitgesluit kan word dat die klaagster ‘n fout kon maak oor die identiteit van haar aanvaller nie. Daarbenewens het sy aangevoer dat daar teenstrydighede bestaan tussen die getuienis van Groenewald en die klaagster oor presies waar klaagster was toe Groenewald die selfoon aan haar gewys het en waar sy was toe sy later die appellant identifiseer het. Sy het egter later toe gegee dat daar nie fout gevind kon word met die verhoorlanddros se bevinding op die totaliteit van die getuienis nie.

[25] Die klaagster is ‘n enkel getuie tot die gebeure waar sy beweer dat appellant haar beroof het en moet haar getuienis met die nodige versigtigheid bejeën word. Daarbenewens getuig sy ook oor die identiteit van haar aanvaller en is dit gemenesaak dat die insident laat nag plaasgevind het. Die gevare van verkeerde identifikasie is oorbekend. Aanwysing van die verkeerde persoon deur ‘n getuie wat volkome ter goeder trou is, het al tot berugte gevalle van onreg gelei. Sien Hiemstra Suid-Afrikaanse Strafproses 6de uitg. bl.82. In **S v Mthetwa** 1972(3) SA 766(A) het die appèlhof die faktore uiteengesit wat ‘n hof in ag moet neem wanneer die kwessie van identiteit ter sprake is. Ek stem saam met Hiemstra waar die geleerde skrywer verklaar dat ‘*wanneer ‘n redelike moontlikheid van dwaling met betrekking tot identiteit aan die einde van ‘n strafsaak nie uitgesluit is nie, kan daar nie gesê word dat die staat sy saak bo redelike twyfel bewys het nie. Dit is nie alleen of selfs primer ‘n kwessie van geloofwaardigheid nie maar een van objektiewe betroubaarheid.*’ In **S v Sithole and Other** 1999(1) SASV 585(W) op 591 maan die hof dat ‘*there must be no reasonable doubt that the witness is not mistaken … that will generally require something more than the mere assertion by the witness that he has correctly identified the culprit, if the inherent risk of error is to be guarded against.*’ Sien ook in die verband **R v Mputing** 1960(1) SA 785(T) en **S v Jochems** 1991(1) SASV 208.

[26] By die evaluering van die klaagster se getuienis is dit dus noodsaaklik om die goeie eienskappe van so ‘n getuie se getuienis te oorweeg tesame met al die faktore wat aan die geloofwaardigheid van die getuie afbreuk kan doen. Die klaagster was deeglik onder kruisverhoor geneem deur die appellant se prokureur in die hof a *quo*.

Sy het deurentyd by haar weergawe gehou en in besonder getuig dat al was appellant vir ‘n kort ruk buite haar sig, dat sy oortuig was dat hy die persoon was wat haar van haar selfoon beroof het. Die verhoorlanddros was tevrede dat nieteentaande die versigtigheids reëls wat van toepassing was by die beoordeling van die klaagster se getuienis, dat die klaagster meer as voldoende tyd gehad het om ‘n behoorlike uitkenning van die appellant te maak aangesien die appellant vir ‘n tyd lank met haar geloop het, sy appellant se gesig gesien het, in besonder opgemerk het dat hy nie voortande gehad het nie en dat sy ‘n goeie beskrywing oor sy kleredrag gegee het.

[27] Die verhoorlanddros het ook stawing vir die klaagster se getuienis gevind in die getuienis van Groenewald. Ek meld in diè verband dat Groenewald ‘n uitstekende getuie was. Hy het die nodige toegewings gemaak waar hy moes, en het die deeglike kruisverhoor wat hy aan onderwerp is, goed deurstaan en by sy weergawe gehou. Die verhoorhof het verder tereg na my mening bevind dat alhoewel daar teenstrydighede in die getuienis van die twee getuies was dat dit nie beteken dat die hof die getuienis van die getuies sonder meer moes verwerp nie. In die verband bevind die verhoorlanddros dat ‘... *these contradictions in this mater do not affect the quality of the testimony of the state witnesses, but only affects details. When the evidence in this matter is viewed holistically, these contradictions are not material. Therefore the court is of the view that it can place reliance on the evidence of the two state witnesses as they also made a good impression on this court. Thus, notwithstanding the fact that it was dark on the day in question. It is therefore the court’s view, based on the merits of the case, the court is satisfied that the identification of the witnesses were reliable.*’

[28] Dit is belangrik om te beklemtoon dat wanneer ‘n hof bepaal of die staat die skuld van die beskuldigde bo redelike twyfel bewys het al dan nie, kyk ‘n hof nie na die getuienis wat die beskuldigde impliseer, in isolasie om te bepaal of sy skuld bo redelike twyfel bewys is nie. Net so kyk die hof nie na die veronskuldigende getuienis in isolasie om te bepaal of dit redelik moontlik waar mag wees nie. Sien **S v Van Der Meyden** 1999(1) SASV 447(W) op 448(i).

[29] In **S v Govender en Andere** 2004(2) SASV 381 op 388, het die Hoër Hof van

Appèl met goedkeuring verwys na die aanhaling in **S v Hadebe en Andere** 1998(1) SASV (HHA) 422 waar daar op 426 e – h by para 25 bevind is dat:

> "*The breaking down of a body of evidence into its component parts is obviously a useful aid to a proper understanding and evaluation of it. But, in doing so, one must guard against a tendency to focus too intently upon the separate and individual part of what is, after all, a mosaic of proof. Doubts about one aspect of the evidence led in a trial may arise when that aspect is viewed in isolation. Those doubts may be set at rest when it is evaluated against together with all the other available evidence. That is not to say that a broad and indulgent approach is appropriate when evaluating evidence. Far from it. There is no substitute for a detailed and critical examination of each and every component in a body of evidence. But once that has been done, it is necessary to step back a pace and consider the mosaic as a whole. If that is not done, one may fail to see the wood for the trees.*"

Sien ook **S v Chabalala** 2003(1) SASV 134 (HHA) op 139i – 140a.

[30] Appellant was daarenteen 'n uiterse swak getuie. Ek stem saam met Advokaat Theunissen wie namens die staat opgetree het, dat appellant deurgaans sy weergawe aangepas het soos die verhoor sy verloop geneem het. Na my mening het die verhoofhof korrek bevind dat die appellant se weergawe totaal onbevredingend en onwaar was en is sy getuienis gevolglik tereg as vals verwerp.

[31] Indien die suiwere beginsels soos in die bovermelde gesag uiteengesit, by die feite van hierdie saak toegepas word, dan is ek tevrede dat die verhoorlanddros op die totaliteit van die getuienis tot die korrekte slotsom gekom het. Daar is gevolglik geen twyfel by my dat die staat die identiteit van die appellant bo redelike twyfel bewys het, en dat die appellant die persoon is wat die klaagster met 'n mes gedreig het en haar selfoon by haar afgeneem het.

[32] Dit volg dat die appèl teen die skuldigbevinding nie kan slaag nie.

Daarom sal ek die volgende bevel voorstel:

**Die appèl teen die skuldigbevinding word van die hand gewys.**

---

**RILEY, WnR**

Ek stem saam en dit word so beveel.

---

**NDITA, R**